# Die Polisieveteranekoerant – The Police Veterans' Gazette

## Nuusbrief vir SAP-Veterane en –Familielede

## Newsletter for SAP-Veterans and – Family



| Nie-Amptelik<br>Vol 1 No 1<br>Versprei verder na Hartelus! | **Sondag 6 Junie 2010 Sunday<br>6th June 2010** | Not Official<br>Vol 1 No 1<br>Copy and send around! |
|---|---|---|
| Editor/Redakteur: Hennie Heymans | heymanshb@gmail.com | Pretoria |



### 1. WELKOM

Pretoria: Baie welkom by ons eerste uitgawe van ons "internasionale" Polisiekoerant! Ons hoop u gaan deelneem sodat ons poging geslaag sal wees. Dis snaaks hoe baie kontakte ons almal het en wanneer ons almal met almal konnekteer het ons 'n yslike netwerk reg om die aardbol!!! Lees gerus wat u wil lees en ignoreer dit waarin u nie belangstel nie! Ons sal probeer om vir almal se smaak ietsie beskikbaar te stel.

### 2. OORDENKING: WORD GEBRING DEUR Brig (Ds) Jan Venter - Kaapstad

Josua 24:15: **Wat my en my familie aanbetref, ons sal die Here dien**.

Kyk ek terug oor die pad wat ek met die Suid-Afrikaanse Polisiemag gestap het, sien ek 'n lang kronkelpad.

Ek onthou lede van die mag wat ter wille van orde en omdat hulle gedissiplineerd was, bereid was om die hoogste prys te betaal vir wat vir hulle dierbaar was. Niemand wat nie hierdie pad gestap het, sal verstaan dat dit net moontlik was as 'n mens doelgerig, beginselvas en met die hand in die Hand van die Here, ten spyte van teleurstellings en soms mislukkings volhard het nie.

Dink ek terug, dan onthou ek die geloof wat sterk moes bly, en die vertroue in die almag van die Allerhoogste wat hoogtes gelykgemaak en teleurstellings in uitdagings omskep het.

En as daar dan nog soms wantroue is, as begrip vir opregte motiewe ontbreek, dan kyk ons vorentoe en vorentoe beteken dat ek te midde van twyfel, verwyte en misverstand nog altyd my trou in die Skepper herbevestig. Dan bly my eerlike voorneme en my opregte belydenis: Ek en my huis, ons sal die Here dien.

Ons bly lief vir hierdie mooi land wat die Here aan ons toevertrou het. Ons is trots op elkeen wat 'n bydrae lewer - in hierdie dae ook die Bafana, Bafana.

Seën vorentoe.

## 3. VOORBIDDING – WEL EN WEE

### 3.1 STREFGEVALLE

Tiny Coetser berig vanaf Jeffreysbaai:
Oud a/o Jan Steenkamp is vanmore [20100603] om 03H00 oorlede. Totsiens ou troepmaat, tot ons weer ontmoet!!!

Jan het te SAP Villeria aangesluit gedurende Januarie 1964 en magsnommer 44407F is aan hom toegeken. Hy was gedurende 1965 vir die hele jaar in die SAP kollege. Hy het homself later as ‘n motorwektuigkundige by die SAP Garage Pretoria-Noord gekwalifiseer. Hy het c1985 afgetree en voertuie tuis herstel. Hy laat sy vrou Linda, dogters en kleinkinders na. Ek, Jan en FC Visser was saam in dieselfde troep en ons twee bly op Jeffreys Baai, hy word veras en sy diens is DV Dinsdag 8/06/2006 om 1000 by die APK Kerk te Jeffreysbaai.

Sy vrou Linda se sel nr is 0845814097.

***Old cops dont die we just fade away***. SALUUT.

Red: Ons innige meegevoel met die Steenkamp-familie!

### 3.2 DIE SIEKBOEK

Ons dink aan die volgende en dra hul in ons gebede op aan Ons Hemelse Vader:

- **Col Royce Merton** phoned: He reports that he is fine after his operation. The ‘deep-brain stimulation’ was a success. He thanks everybody who was involved and who helped to get all the permission for the operation especially Gideon Serfontein and others who assisted ang helped him..
- **Genl Johan Ferreira** – Johan Ferreira is besig om te herstel van kanker in sy kolon. Hy reageer goed op die behandeling wat bestraling en chemo insluit. Sterkte aan Johan en Nettie.
- **Genl Floors Mostert** – Luit-kol Sakkie Kotze het geskakel vanaf Somerset-Wes dat die Generaal wat in Gansbaai woon, hierdie week ‘n ligte beroerte gehad het. Ons ken die Generaal as vegter en ons weet hy gaan herstel!

### 3.2. VERJAARSDAE

**Johan Lotriet** – baie geluk met jou verjaarsdag vandag!!!

## 4. SAP 55 – VERMISTE KOLLEGAS: WAAR IS HULLE NOU?

Daar is verskeie oudlede wat na kollegas soek. Ek gaan nie van die goed op die verskillende webtuistes aanhaal nie. Ons gaan hier van nuuts af begin:

*Fritz Rost Probeer die ouers van Konst. H. Kuhn van Germiston opspoor wat in 1982 tydens grensdiens die hoogste prys betaal het! Indien jy weet waar hulle is of hulle ken kontak my asb! Copy en paste dan ook op jou profiel asb! an3s23@gmail.com*

## 5. AANGELEENTHEDE WAT ONS RAAK

### 5.1. Die Oud SAP-lede Liefdadigheidstrust (NOW/NPO 006-532)

Vriende word gevra om die 11 de September 2010 DV te dagboek vir die jaarlikse skaapbraai. Oud-a/o Willie du Plessis van Standerton (Walvisbaai) het ‘n skenking gemaak vir twee boeke wat deur Paul Els geskryf is. Die boeke is aangekoop om intussen hier opgeveil te word. Die boek is deur die outeur, die trustees en deur die skenker geteken.

Meer inligting oor die Skaapbraai by Hoffenheim en oor die Boeke aanstaande week.

### 5.2. Trou tot die Dood

Genl JV vd Merwe se boek "Trou tot die Dood" gaan DV hierdie maand verskyn. Meer inligting volg.

### 5.3. Ons Koevoet-lede op Vingerkraal

Leon Bezuidenhout sal ons DV aanstaande week meer van hierdie groep mense vertel. ’n Welsyn Organisasie, **Cradle of Hope** (**NPO 062-511; PBO 930-027-742**) het nou uitgereik na hierdie nedersetting. Soos die oud-soldate van 32Bn verkeer sommige van hierdie mense in nood. Hulle was nie staatsamptenare nie – maar dagloners. Leon Bezuidenhout het gereel dat ’n monument te Vingerkraal opgerig sal word. Ons soek twee borge:

(1) Om ’n reuse graniet klip van Brits na Vingerkraal te vervoer. Die vragmotoer moet verkieslik met ’n hyskraan toegerus wees en

(2) Om ’n stukkie plaveisel waar die klip geplaas sal word, beskikbaar te stel .

<u>Kommentaar</u>: Die elende is hoog. Foto’s is te Vingerkraal geneem. **Cradle of Hope** sien om na 32Bn se mense en sal ook hier help. **Cradle of Hope** het in hulle boeke ’n spesiale rekening vir Vingerkraal geskep.

- ‘n 160 van hierdie oud-Koevoet lede het tydens die bosoorlog gesterf terwyl 949 beseer is. Ons het die name van hierdie lede intussen bekom.

### 5.4 International Police Association (IPA): Denn Alberts: Pretoria

IPA JACARANDA REGION - IPA JAKARANDA STREEK
VOORSITTERS JAARVERSLAG - CHAIRMAN’S REPORT 2008 - 2009

**Mr. President of IPA South Africa, Members of the NEC, Members of All Regions, fellow colleagues, lady and gentlemen**

**REPORT ON: JACARANDA: REGION: 2009: HARTENBOSCH: SOUTH AFRICA**

As New Regional Chairperson of Jacaranda Region Pretoria, I have the pleasure to present to the National Council Meeting my report of the IPA JACARANDA Region for the year 2009.The report contains events of the JOHAN RISSIK House as well as NONGQAI Branch.

For the purpose of the NCM and to have the history placed on record, it is deemed necessary to inform the house that the new Committee were duly elected on 18 August 2009 (2 months ago) and consist of:

Chairperson: **Denn Alberts**
Vice Chairperson: **Peter Fryer**
Secretary: **Eugene Wait**
Treasurer : **Wilna Curtis**
Co-opted Member (Communication Portfolio) **Dave Sherrit**

For the purpose of this meeting, the following events/initiatives took place during the year in question and will be highlight:
**PROJECTS/ INITIATIVES: 2009**

**JOHAN RISSIK House**: - Chair Person – Wilna Curtis

This house is our single biggest assist. At this stage I need to express my sincere appreciation to Wilna Curtis and Willie Burger – in absentia. We all know by now that the IPA lost Willie some few months ago and I would request this house to rise for a few minutes in respect of the late Willie.

The following events that took place were inter alia:

- Potjiekos event at the House
- A.G.M meeting were hosted- August 2009
- Xmas/Friendship lunch in conjunction with **Elderly care Fund of the SAPS**.
- 18 Nov 2009
- 14 Formal functions took place during the year as well as 23 Private meetings were held at the house.
- Total visitors to the facility for the last year were more than 6000
- Several senior dignitaries of foreign countries did visit this house. Some for social purposes and other for accommodation purposes. We only did receive positive remarks.
- Approximately 2400 persons slept in our facility during the course of the year.

**NONGQAI BRANCH:**

**The whole Committee did resign. The Barman however is Greens Groenewald, mostly, if not all the events that took place were organize by him in person. The Regional Committee took over the running of the facility until such time that a new Committee is elected.**

The following events that took place were inter alia:

- Music event for the Waverley Old Age Home - April 09
- Erection of memorial –stone for the late Insp Botha, SAPS Villieria, at the scene of crime-April 09
- Cleaning event with the community and the local CPF.Waverley -May 09
- Hosting / Recruiting drive with Metro Police-July 09
- Soap Kids-cleaning event Menlyn - Sept 09
- Potjiekos competition-24 Oct 2009 and handing over of the Presidents Special Merritt award to Greens and Werner Wikkies.
- 48 IPA Friendship/ Club evenings. Every Wednesday evening-rich out to the members, families and community (dinner) + football games.
- Total visitors to the facility for the last year = 1124
- Funds /sponsorship were allocated/donated to assist with most of these events.
- We as Jacaranda Region stand proud on having been associated with these events.
- All the honour goes to Greens and Wikkies Pompe.

## HISTORICAL BACKGROUND: JACARANDA REGION

The previous Chairperson of the Region did resign. He or the committee did not provide any report. Several attempts were made by me without any success. Not one member of the Committee was in a position to report on any events. In this regards there were the possibility that the annual membership fees could have been withhold by the President. Needless to say that without funds our hands were tied up. The previous Vice Chairperson however did launch an appeal for the granting of the annual membership fees. The appeal were successful, the funds were granted by the President and was announce during the AGM in Pretoria. Which we are all very grateful for.

## REGIONAL FUTURE GOALS / CURRENT SITUATION and WAY FORWARD:

Currently we have 782 members, new members for 2009 - 78 and 51 cancelled their membership reason: financial, lost interested and went abroad.
One of our main goals is to recruit members. This will be an ongoing effort.

- Peter Fryer is busy to upgrade-reactivating the IPA Website
- We are planning a formal gala evening – where we will auction wine.
- We are planning bi-monthly membership evenings, at both Johan Rissik House and Nongqai Branch
- The News letter by Dave Sherrit will be an ongoing event. He is specific tasks with the communication responsibilities.

Under the management of the new Committee and for the period Aug 2009-date (Oct 2009) the following meetings were held:

- Regional formal meetings: 3
- Informal meetings: 2

House Meetings (Inclusive of Nongqai)

- Johan Rissik formal House meeting: 2
- Informal: 4
- Labour Relation actions: Disciplinary hearings-personal: 2

- All reports / agenda / minutes and financial statements were forwarded and on file.

**CONCLUSION**:

A noteworthy aspect of the current Committee's, bearing in mind what we did inherited from the previous Committee and despite though financial times, they did remained focused and positive.
I do have a serious commitment from each and every member of the committee.
Last but not least, I finally wish to acknowledge the dedication and commitment of the Committee although only a few months down the line, I wish to express my sincere appreciation for their commitment to make JACARANDA REGION functional again. I thank you for your positive attitude.
I have no doubt, rather much trust that with their involvement IPA South Africa will grow from strength to strength.
I conclude to express my sincere appreciation to the President Pilot Loots for the trust placed in us as Committee. Your direction, guidance and support are highly appreciated.
Great thanks to all IPA members, families and friends of Jacaranda Region.

**Servo Per Amikeco**
Best wishes to all
*D. ALBERTS*
Chairperson: Jacaranda Region: IPA South Africa

## 5.5 International Police Association: Denn Alberts: Gastehuise

- **Timour Hall Villa – Plumstead, Kaapstad / Cape Town**
  Deon & Christine HUYSAMEN
  Tel : +27 +21 797 2582
  Sel : 084 510 2516
  Epos : timour@mweb.co.za

- **Johan Rissik – Arcadia, Pretoria**
  Wilna Curtis
  Tel : +27 +12 343 5205
  Sel : 0732825279
  Epos : ipa-jakaranda@atlantic.net

- **Ben Stevens – Rossburgh, Durban**
  Fritz BRAND
  Faks : 086 624 0945
  Sel : 082 462 3782
  Epos : ipa.p.natal@absamail.co.za

- **Basie Smit – Welkom, OVS**
  James EARLE
  Sel : 072 483 8152
  Epos : jpearle@mweb.co.za

- **Gamka – Beaufort Wes / West**

Jeanette SWANEPOEL
Tel : +27 +23 414 3056
Sel : 073 431 9538
Epos : mhoon@intekom.co.za

## 5.6 International Police Association: Denn Alberts: Ander Akkommodasie / Other Accommodation

- Richardsbaai, KZN.
  Joe BURGER
  Sel : 082 559 8748
  Epos : admin@ipazululand.co.za

- Coral Reef Gastehuis – Sedgefield, Cola Beach, Tuinroete / Garden Route
  Irene & David TAYLOR
  Tel : +27 +44 343 3133
  Sel : 083 730 7050
  Epos : coralref@mweb.co.za

- Tariewe beskikbaar by Gastehuise / Tariffs available at Guest Houses.

## 5.7 International Police Association: Fritz Brand: Buiteland

Reis u oorsee / Traveling over seas? – Reissekretaris / Travel Secretary:

- Fritz Brand Cell 082 462 3782.

| Meer IPA Nuus aanstaande week / Moer IPA News next week |
|---|

## 5.8 Polisienuus KwaZulu Natal – Kolonel Dana Kruger

## 5.8.3. Facebook Groepe - Dana Kruger en Hennie Heymans

**A - Dana Kruger** het die volgende ***groepe*** op Facebook begin:-

5.8.3.1. SOUTH AFRICAN POLICE DOG TRAINING CENTRES
5.8.3.2 SOUTH AFRICAN POLICE TRANSPORT - YESTERDAY ,TODAY AND TOMORROW
5.8.3.3 SOUTH AFRICAN POLCE DOG UNITS KZN
5.8.3.4 SOUTH AFRICAN POLICE DOG UNIT BENONI (EAST RAND)

**B - Hennie Heymans** het die volgende polisie-webtuistes op Faceboek begin:

5.8.3.5 **Suid-Afrikaanse Polisie Afgetrede Lede** – ons het 369 lede met generaal JV van der Merwe as beskemheer. Dit is 'n geslote groep en ons het 1521 foto's al geplaas.

5.8.3.6 **South African Police - Hall of Fame / Suid-Afrikaanse Polisie Heldesaal** – ons het 1660 lede met 558 foto's op die webtuiste. Ons vriende van heinde en verre oor die aardbol versprei.

## C - Kolonel Eugene de Kock:

5.8.3.7 **Friends to free Col. De Kock.** Ons het 1600 lede en dit is ook 'n geslote groep. Indien u vir Eugene de Kock wil skryf of enige boeke wil skenk kontak gerus die redakteur vir nadere besonderhede.

D – Servamus: kyk gerus na die volgende webtuiste op Facebook en ondersteun brigadier Peet Nieuwoudt en sy direksie met:

**5.8.3.8 SERVAMUS COMMUNITY-BASED SAFETY & SECURITY MAGAZINE -** Annalise Kempen is die redakteur. Hierdie is ook 'n nuttige webtuiste om te besoek. Inskrywingsvorms vir Servamus is ook by by die Redakteur op aanvraag beskikbaar.

## 5.8.4 NUUSBROKKIES VAN KZN – DANA KRUGER

Dana Kruger is sedert 2008 'n penioenaris en was tot sy aftrede verbonde aan die Provinsiale Hoofkantoor van die Polisie in KwaZulu Natal as die provinsiale bevelvoerder van Polisie Nooddienste wat die polisiehonde, die perde, 10111 sentrums, die blitspatrollie, gyselaars, duikers, ongelukstakke en polisiebote in sluit.

*Tans hou hy hom besig met die versameling van verskeie items wat ondermeer die volgende insluit:*

## 5.8.5 Modelmotors – Dana Kruger

VERSAMELING VAN MODELKARRE ; hy is vir menige jare al besig met die versameling van ou Corgi, Dinky, Matchbox modelkarretjies en het heelwat items nog in hul oorspronklikke boksies en van die speelgoed dateer van die vyftige jare . Sy versameling bestaan uit meer as 7000 modelle wat ondermeer noodvoertuie (polisie , brandweer,ambulanse) , Mercedes Benz modelle en 'n verskeidenheid ander voertuie insluit.....hy is voortdurend opsoek na ou modelle en herstel ook modelle om weer hul volwaardige plek in sy versameling te kan inneem. Die ou speelgoed was nog kwaliteit en kon die “punch” vat...nie soos vandag se speelgoed wat binne 'n dag al stukkend is nie...

## 5.8.6 Historiese Polisie Items – Dana Kruger

***VERSAMELING VAN POLISIE ARTIKELS:*** Dana Kruger het hom ten doel om soveel moontlik oor die “ou” SAP bymekaar te maak , hetsy dit nou uniformstukke , wapens en knope , artikels , fotos en vele meer.Hierdeur verseker hy dat die items/inligting nie verlore gaan nie en vir ons nageslag bewaar sal word. Enige iemand wat 'n bydrae kan lewer kan met Dana Kruger op danakruger@yahoo.com of op Facebook kontak maak.

## 5.8.7 POLISIESTASIES IN SUID AFRIKA EN VOORMALIGE SUIDWES AFRIKA – DANA KRUGER

Dana Kruger gaan binnekort 'n groep op FB stig wat die polisiestasies, kantore, geboue, monumente en polisie grafte in Suid Afrika en Suidwes Afrika saamvat en almal word uitgenooi om 'n bydrae in hierdie verband te maak deur fotos van huidige sowel as polisiestasies wat nie meer bestaan nie te plaas....waar moontlik verskaf besonderhede saam met u foto om dit vir ons vriende interesant te maak. So kyk uit vir hierdie groep op FB.

### 5.8.9 MAAND BRAAI VIR OUDLEDE IN DIE DURBAN OMGEWING – DANA KRUGER

Die maand braai vir die oud lede in die Durban omgewing sal op D.V. 11/06/2010 by die IPA huis gehou word. Alle belangstellende lede in die Durban omgewing word uitgenooi en kan Dana Kruger kontak op danakruger@yahoo.com
Sien julle daar!

***GROETNIS UIT NATAL***
*DANA KRUGER*

### 5.9. Brigadiersklub van die Suid-Afrikaanse Polisie: 10 jaar oud: Brigadier Johnnie Zinzerling



Brig. Theuns Arlow (regs) ontvang 'n sertifikaat vir uitmuntende diens van brig. Willie Marais. Die sertifikaat is toegeken vir sy onbaatsugtige diens en leiding oor die afgelope 10 jaar. Die Brigadiersklub is die breinkind van brig. T B Arlow wie dan ook sedert stigting op 27 Mei 1999 die Voorsitter daarvan was.

Brigadier WKN Marais is die nuut-verkose Voorsitter en alle sterkte word hom toegewens.

Die Klub bestaan uit afgetrede brigadiers en direkteurs van die voormalige SA Polisiemag, hul gades asook weduwees. Die Klub het tans 92 lede en is in Pretoria gesetel. Hoewel die Klub in Pretoria

gesetel is, is daar ook ingeskrewe lede so ver as Stilbaai, Pietermaritzburg, Middelburg, Nylstroom en Warmbad.

Daar word gepoog om kwartaalliks 'n geselligheid aan te bied. Voor elke geselligheid ontvang die lede 'n nuusbrief waarin hulle ingelig word van lede se verjaarsdae en ongesteldheid en wie wat aangevang het. Ledegeld beloop huidig R60,00 per paar, per jaar.

Die Voorsitter brig. WKN Marais se telefoonnommer is 012-5672818 of 0826774504

Die Sekretaris brig. Johnny Zinserling se telefoonnomeer is 012-5486880 of 0848274348

Vriendelike Brigadiersgroete

***Johnny Zinserling***

- Saluut!! Ons oudlede salueer vir Theuns Botha Arlow – nie alleen ‘n bokser van format nie; maar ook ‘n “Comrades” atleet. Hy word net nie ouer nie! Vir die jonger Manne en Vroue: Brig Arlow was ‘n yster by SAP Finansies en ook vir baie jare ‘n sekretaris van die Polisie Rusoord Port Edward. Hy het gesorg dat ons ons verhogings en bonusse tov studies vinnig ontvang – ‘n ware heer en iemand wat alles veil gehad vir die Mag wat hy met trots gedien het! Sterkte word vir Theuns en Ans toegebid.

## 6. Redaksioneel: “Hennie se Lessenaar”

Hierdie blad het een soutsuur toets, nl: “Is dit in die belang van ons lede?”

Luit-genl CF Zietsman, ‘n bekende Durban persoonlikheid, was op sy dag speurhoof van die RSA en hy het eendag die redakteur vertel dat hy, genl Zietsman, die polisiekoerant by die destydse SAKB ontbind het. Die redakteur het gedink dis jammer maar genl Zietsman het verduidelik met die nuwe tegnologie is so iets nie meer nodig nie!

(Terloops: mev Zietsman was die eerste dogter wat ‘n erebaadjie by Port Natal Hoerskool ontvang het!)

Die redakteur het die volgende epos aan polisievriende en kennisse gestuur:

*Ek ontvang elke Sondag die nuusbrief van die SAW militêre veterane en die SAW sersante-majoor se nuusbrief. Daar is 'n gemis in my lewe - ek sal ook graag weekliks van my ou kollegas en vriende wil hoor. Met die diaspora van die Afrikaner is in oud-lede ook die wêreld vol - van Afganistan tot Nieu-Seeland! Van Amerika tot in Zaïre!*

*Derhalwe het die gedagte by my opgekom dat ons Bobbies ook so nuusbrief onderling moet versprei.*

*Ons het een gemene deler: nl ons kameraadskap, liefde en trou teenoor ons land en ons mense. Baie van ons was getrou tot die dood en het die hoogste offer gebring. Dit is nodig dat*

*ons ons helde is herinnering sal roep.*

*Hiermee het ek nou my gedagtes aan 'n paar polisie-vriende en kollegas gestuur. Sonder insette en kommentaar van u kan ons natuurlik nie so 'n nuusbrief begin nie!*

*Ons oud- en dienende lede het 'n heel paar webtuistes - ek behoort ongelukkig nie aan almal nie. Ek het al voorheen hierdie gedagte geopper maar hier het net mooi niks van die gedagte gekom nie.*

*My ondervinding is dat 'n nuusbrief is aktief is - hy koördineer en aktiveer weekliks en vestig dan aandag op sekere webtuistes, gebeure en inhoud.* *[Baie van ons ouer lede is slegs op internet en nie op facebook nie.]*

***Nou gaan ons - U en ek - dit doen!!***

*Versprei asb hierdie epos aan u polisie-vriende en hoor graag van u.*

*Beleid:*

- *Die nuusbrief sal fokus op bevordering van kameraadskap.*
- *Geen politiek of afbrekende berigte sal gedra word nie.*
- *Onafhanklike spreekbuis wat alle ledebelange sal steun en bevorder. (Ons wil niks vervang nie - ons wil ondersteun en bou.)*
- *Ons sal die nuusbrief hoofsaaklik Afrikaans uitgee. (Engelse berigte sal ook gedra word.)*
- *Hierdie is U nuusbrief!! Die manne/vroue praat en die redakteur luister!*
- *Niks vertroulik of lasterlik nie.*

*Uitleg:*

- *Gedagte vir die week - kapelaan*
- *Wel en Wee (Oorlede en Siek)*
- *SAP 55: Waar is hulle nou?*
- *Aangeleenthede wat ons raak - bv pensioen, belasting edm*
- *Redaksioneel*
- *Polisie - Nuus*
- *Polisie - Geskiedenis (ONS ONTHOU!)*
- *Polisie - Staaltjies*
- *Netwerk*
- *Humor*

Ek dink nou dat ons almal op dieselfde golflengte is, kan ons afskop. Net nog iets ek dink as iemand skryf moet ons erkenning in die possak gee – dis immers ons nuusbrief. Insgelyks is ons afhanklik van u bydrae. Ons plak en sny en sit alles agter mekaar!!

## 6.1 Possak en korrespondensie

**Jay Nel van Pretoria skryf**

Dagse! Ek dink hierdie projek sal 'n groot leemte vul, en sal dit waardeer indien ander vriende vir Hennie hiermee ondersteun. Groetnis.

**Christo Davidson (Pretoria) laat weet**

Gegroet meneer Hennie,
Die idee is goed maar ek dink weekliks is te kort, ons moet eerder kyk na 'n maandelikse of kwartaalikse uitgawe. Mooi loop. Christo.

**Kommissaris Denn Alberts (Pretoria)**

Hi Hennie - puik idee. Ek is in. Ek stuur aan. Groete eers - jy hoor weer van my.
Denn

**Adv. Louis Visser, SC (Pretoria)**

Ek weet nie of ek as nie-polisieman welkom sal wees nie, maar ek sou belangstel om te hoor wat met die manne (en vroue) aangaan.
Ek is ook nie op Facebook nie.

- Beste Advokaat
  Ek dink u moet op ons verspreidingslys wees. U moet die hartklop van die ou-SAP voel ... u is nog altyd deel van die Wet en Orde Gemeenskap as 'n senior beampte van die Hof. Dit is alles deel van ons netwerk. Ons weet almal jy is 'n ou polisievriend. Jou insette en kommentaar kan soms dividende afgee .

## Kommissasris Johan Deysel (Kimberley)

Hallo Denn,
Ek dink dit is n edele gedagte en sal graag betrokke wil raak deur die nuusbrief te ontvang en seker van tyd tot tyd my stuiwer in die beurs wil gooi.
Groete
Johan Deyzel

- Beste Den en Johan

Wat 'n verassing om van Johan Deyzel te hoor - ons het lekker saam gewerk in Pietermartizburg en in Soweto. Kolonel Gawie Richter het my vanoggend geskakel van Nylstroom af en is ook vol nuus. Gawie was 'n ou Veiligheidstak man wat saam met brig Trevor Baker gewerk het. Ek dink die doel is "om te bou en te ondersteun" solank dit ons lede se belange raak en dan om te netwerk! Natuurlik wil ons meer van Johan Deysel se

kinderhuis te wete kom. Soos ek ons Bobbies ken, het hulle ruim harte!

**Derek Brune (Namibie)**
Dear Hennie - this is a marvelous idea, which I support - please include me.
Best regards.

## Isa en Johan Vorster – Redakteur: Nuusbrief vir Militere Veterane (Pretoria)

Hello Hennie
Goeie gedagte en sterkte daarmee. Daar is sekerlik baie stories om te vertel! Gebruik stukke uit die Nuusbrief net soos jy wil. Goeie wense, Johan.

## Andre Nieuwenhuis (Ons sherrif in Texas – voorheen SAP Soweto)

Sluit my in hier. Ek sal dit regtig geniet om so n nuusbrief te kry. Dankie by voorbaat. Andre Nieuwenhuis.

Andre skryf weer:
Ek is in "Haltom City "wat 'n deel is van die groter Fort Worth in die Dallas-Fortworth metroplex hier in Texas. Werk tans vir die Tarrant County Sherrifs department as 'n "Detention Sergeant" in die plaaslike tronk. Die County het 4.2 Miljoen inwoners en ons het ongeveer 3500 gevangenes.

- Redakteur: Andre Nieuwenhuis: baie welkom. Baie van ons onthou jou van die IPA van jou dienstermyn in Soweto.

## Willem de Klerk (Georgie daar ver naby Rusland!)

Hallo Hennie,
Ek is oud lid No 57127 T Willem Sternberg de Klerk. My laaste stasie was Orkney in 1974. Tans bevind ek my oorsee in die Republiek van Georgia. Ek neem die geleentheid om jou lidmaatskap aanname te bevestig en sien uit daarna om al my ou vriende weer raak te loop!
*Willem de Klerk*

## Daan J Nell (SA Weermag Vereniging - Pretoria)

Goeiedag Hennie,
Dit is 'n puik idee wat werklik myns insiens 'n groot leemte gaan vul en dit sal help om die kameraderie tussen oud-ZARPE warm te hou. Indien jy 'n behoefte het aan die publikasie van die nuusbrief op die webtuiste van die SAWV, skryf gerus aan admin@sawv.org.za en stel jou behoefte. Alhoewel ek die voorsitter is, het ek nie alleenreg tot wat op die webtuiste gepubliseer gaan word nie, maar is oortuig dat hierdie nuusbrief 'n groot getal lesers gaan hê – ook buite die voormalige SAP.
Groete
Daan

Beste Daan,
Ek is maar huiwerig - maar kom ons kyk hoe die eerste uitgawe afloop - ek sal jou op die lys

plaas - indien dit 'goed' is kan u dit oorweeg vir SAWV.
Groete

- Daan Nell,
  Maak so en ek is oortuig daarvan dat enige nuusbrief ook deur groeipyne gaan – die 10de brief sal dus baie beter wees as no 1.
  Groete
  Daan

Kolonel Tobie Tolken van Elders skryf:
Goeie dag. Ek sal graag op u poslys verskyn.
Red: Tobie waar in die wereld is jy?

## Craig Maartens (Indonesia) writes:

Dear Hennie,
Please could you include me in your newsletter distribution? Although I was only a 'June 1986 intake' model - I follow the FB page closely. I find it very interesting to read what the legendary "ou manne" and leaders got up to and how they have moved on. I now live in Jakarta, Indonesia and work across the Middle East – South East Asia/Pacific region and it's unbelievable how many former SA Policemen and woman are travelling the world utilising skills learnt in the SAP.
I look forward to reading more about old colleagues and friends.
Best regards,

## Quintin Papenfus – Kaapstad, skryf:

Dié weekblad is soos 'n baba wat gebore word. Dit moet gevoed en vertroetel word en langs hierdie weg gaan dit groei, gestalte en mettertyd karakter kry. Gebore uit die opregte begeerte om meer te weet wat met lede van die Mag gebeur het sedert hul verbintenis met die polisie verbreek het - seker 'n gedagte wat al by menige van ons opgekom het

In die eerste plek voldoen die blad dus aan 'n langverwagte behoefte om meer van mekaar te hore te kom, te deel in die lief en leed en veral suksesse wat die oud-lede behaal het. So is ek bewus van 2 lede wat sedertdien onderskeidelik hul doktorsgraad en advokaat-toelating verwerf het. Vader Tyd en die golwe van die see wag vir niemand nie en sal ons dus seer sekerlik in hierdie blad verneem dat die lewe voortgaan.

Aan my vriend, Hennie Heymans, my opregte dank en waardering vir die inisiatief wat hy in hierdie verband geneem het en my wense is dat hierdie mooi gedagte wat gestalte gekry het, van krag tot krag sal gaan en in die jare wat voorlê aan 'n groot behoefte sal voldoen.

Deur hierdie mooi gebaar beskerm en dien ons ook mekaar se belange en koester ons ook die dinge wat mooi en edel is. Uiteraard is hierdie blad ook van medewerkers afhanklik en my pleidooi is dat ons almal sal saamwerk om hierdie "kind" van ons groot te maak wat nog baie plesier in die toekoms sal verskaf. Ten slotte: ons kan nou wel nie meer in die SAPDiens wees nie, maar die polisie sal altyd deel van ons lewe bly...

Redakteur: Dankie Brigadier Papenfus!

## Willem Steenkamp skryf drie maal van Kaapstad:

(1) Beste Hennie
As jy nog 'n titel soek, het jy al aan "Nongqai" gedink? Dit was mos die ou polisietydskrif wat altyd baie interessante stof bevat het. "Nongquai", as ek reg onthou (is die spelling reg" het betekn "Die man wat waak" of soiets. Ek het altyd gedink dis 'n puik naam.

(2) Ek het niks teen Polisie Gazette nie, maar hy klink half te amptelik, dis hoekom ek aan die ouer titel gedink het. Dit was gewoonlik tweetalig maw "The Nongquai" en "Die Nongqai", maar die "The" en "Die" kan maar weggelaat word.

(3) Die ou "Nongqai" (dankie vir die regte spelling) het 'n ander belangrike rol gespeel. Heelwat artikels oor militere en polisie-uniforms, kentekens ens het daarin verskyn in die dae toe geen ander publiseerplek vir soiets bestaan het nie - groot geeste in die verband soos H H Curson en maj G Tylden. Ek het 'n idee die SAW-tydslrif "Kommando" - later "Paratus" en nou "SA Soldier" - het in die 1950s begin as 'n soort Weermag-ekwivalent van die "Nongqai".

- Redakteur: majoor Willem Steenkamp is militere korrespondent en skrywer. Wat dink u die lesers wat moet ons naam wees?
- Die Nongai het in 1907 in Natal begin as mondstuk van die Natal Police. Tydens die Anglo-Boere Oorlog was die voorloper van die Nongqai bekend as die "Bully Tin". Op aandrang van Adv FC Erasmus, destydse minister van justisie, is die naam verander na Juastitia en daarna het die lyfblad se naam 'n paar keer verander totdat dit Servamus verdoop is.

## Piet van Zyl – Uganda skryf:

Brigadier,

Ewe skielik na 12 jr in Uganda kom u e-pos en voel ek weer tuis………..Wow….Baie dankie. Ja asb. ek ondersteun u ten volle

Oor die jare het vele oud-kollegas hier in Uganda aangedoen……… Baie het ontrekking-sindroom…Baie is afvlerk-seer en baie is net hardegat……………

Hoe dit ook al sy……Ek is so oortuig dat ons "Ou honde" nog n positiewe bydrae kan maak en het n paar positiewe gedagtes in die verband om te deel. Ons kan nie meer terugsit en en die misdaad-situasie aan die nuwe Mag oorlaat nie. Ons moet die ANC regering en Bheki Cele oortuig dat daar van ons is wat n positiewe bydrae kan lewer.

Ek vlieg terug van Uganda op 2 -19 Julie en gaan merendeels in Nelspruit wees en sal baie graag as dit moontlik is wil kontak maak. Ek en Mama General (My Vrou) het n gastehuis in Nelspruit…www.beetleloop.co.za.. Ons hardloop weg van alles die eerste week nadat ek terug is …..Daarna is ek beskikbaar…Maak asb kontak. Piet van Zyl
Walk Tall

- Redakteur: Dankie Piet!!

**Wouter Mentz skryf van "iewers" af, lyk my dis naby Japan**
Brigadier,
Baie goeie gedagte.
Ek sal graag wil inteken en sal dit versprei hier van PNG af.
Regards/Groete

**Eugene Fourie van "elders" skryf**
Brig Hennie,
Ek is ook 'n SAP veteraan en sal graag u nuusbrief wil ontvang. Vriendelike groete.

**L van Loggerenberg skryf – ek dink van Middelburg**
Brig: Uitstekende idee, stem!

## Robert Brand van Colorado, VSA skryf:

Gegroet van hier

Ja nee, verseker kan ek baie skryf oor wedervaringe hier. Al is dit die 3 de jaar wat ek by dieselfde mense werk, is daar tog altyd nuut. Daar is geweldig paralelle te trek tussen SA en VSA platteland. Een ding is verseker, Amerikaners is baie selfgesentreerd. Vir baie van hulle bestaan en val die wereld rondom die VSA.

Ek moet se waar van vroeg tot laat agter 'n trekker se stuur sit, kry mens nogal baie tyd om te "mediteer". Gedagtes loop ver paaie. Sommige paaie is krom en ander weer reguit.

Ek wil graag 'n guns of dan liewers raad vra, een van my maters hier woon in Hartswater en sy ma en suster was in 'n redelike ernstige ongeluk betrokke. Ander party het oor stopstraat in hulle vasgery. Na 'n besoek aan SAPD aldaar is daar vir hulle gese polisie kan nie 'n saak van R&N maak nie en daar bestaan dan glo ook nie so 'n klagte. SAPD lid se advies was dat hulle 'n prokureur moet kry en eis by die padogelukke fonds instel.
Ken jy nie dalkmiemand daar in Kimberley se omgewing wat mens kan kontak wat hierdie betrokke polisieman kan aanspreek nie? Of is ek dan nou besig met wensdenkery?

Alle voorpoed en sterkte
Robert

**Charl Steyn ook van die VSA laat weet**
Blink gedagte Hennie. Dankie.

**Jacques Greef van Pretoria kuier in Oudtshoorn**
Onthou my tog asb. Oom. Groete.

Dewaldt skryf:
**Hi Brig. Ek stel asseblief belang. Dankie.**

- Ek hoop dis Dewalt Louw

Die Van der Lindes stuur epos:
Goeienaand, Kan jy asseblief vir my die Polisie Gazette stuur na die volgende e-pos adres.

- Lyk my daar is 'n Tannie van die Kaap wat in Potchefstroom kuier?

**Bertie Snyman skryf van Pretoria:**

Dag Hennie, Baie dankie vir gedagte en jou insette. Voeg my adres by aub. Gebruik my huisadres. Groete.

## 7. Netwerk

**7.1 Plaag beheer**: Willie du Plessis kan nie genoeg van plaagbestryding kry nie!!! Na misdaadbestryding het Willie 'n plaagbeheer maatskappy op die been gebring. Willie opereer vanaf Standerton en sy invloed strek van die Oos-Rand na die Wes-Rand en van Vereniging na Pretoria. Dan werk Willie ook in Wakkerstroom, Volksrust, Standerton, Groblersdal en Secunda. Die redakteur kan vir Willie aanbeveel – sy doepa werk – dis kokorot en mier se tier! Willie is 'n ou Jeppe-polisieman, daarna na Soweto, toe Standerton, Krugersdorp en Walvisbaai. Hy is 'n ou DK-Klerk van Walvisbaai. Sy kontak nommer is: 0834587564.

7.2. Gastehuis Nelspruit: Piet van Zyl en "Mama General" het 'n gastehuis – ondersteun asb. Kontak: www.beetleloop.co.za

## 8. Humor in Uniform

8.1. Pap-en-Vleis: Ons nimlike brigadier Papenfus was op sy dag 'n baie bekende offisier omdat sy gesig al op die voorblad van Servamus gepryk het. As ek die familienaam Papenfus hoor dink ek onwillekeurig aan die Swart lid wat te Watchuis rondgedwaal het. Een kwaai offisier tree die man aan en vra wat of wie hy soek.

Lid verdwaas: "Kaptein, ek soek die ander Kaptein".
Kwaai Kaptein: "Man, hier is baie kapteins en jy kan nie sommer hoofkwartier toe kom en sommer hier rondloop nie!! Wie is die man wat jy soek?"
Lid met opheldering: "Kaptein Pap-en-Vleis!!"
Kaptein kwaai: "Kaptein Pap-en-Vleis? .... O ja, nou weet ek jy soek Kaptein Papenfus!!!

## 9. Afsluiting:

Polisegroete tot volgende keer!

U Redakteur – Your Editor

# No 43630 Wabestuurder & Wyksersant Hennie Heymans

(Die lekkerste tyd in die Mag!)